

13 Mei (Hemelvaart)

Skrifgedeelte: Lukas 24:26-53 (neem ook kennis van 1:5-25)

Fokusgedeelte: Lukas 24:50-53

“Jesus maak vir jou die hele aarde tot tempel!”

Lukas, die mediese dokter, lê in sy evangelie swaar klem op Jesus se priesterlike optrede. Daarom lê die derde Evangelie as 't ware ingepak tussen twee magtige tempelberigte:

- Eers is daar die tafereel van die bejaarde Sagaria in die tempel.
- En dan vind ons die dissipels ten slotte wéér by die tempel waar hulle “gebly en God geprys” het.

In 24:50, 51 lees ons egter ook van meer as net die tempel. Daar is 'n uitdruklike verwysing na 'n priester. Want Hy (Jesus) “het hulle uit die stad uitgelei tot by Betanië. Daar het Hy sy hande opgehef en hulle geseën.” Soos Sagaria die volk dus by die tempel geseën het, so seën Jesus nou sy kerk terwyl Hy in die hemel opgeneem word. Wat is die verskil tussen Sagaria en Jesus se onderskeie priesterskappe?

- Kyk eers na die **bloed**. Sagaria kon net priester wees omdat die bloed van Aäron in sy are gevloei en hy tot die stam van Levi behoort het. Jesus is egter Hoëpriester volgens die orde van Melgisedek en Hy seën sy kerk sonder dat Hy Aäron se bloed in sy are het.
- Let vervolgens op die **plek** waar hierdie twee priesters staan. Sagaria moes sy diens altyd in die tempelgebou verrig. Op heilige grond dus. Jesus doen egter sy priesterlike werk uitdruklik op oënskynlik ongewyde grond. Oënskynlik, want ná die Paasgebeure het álle grond heilige grond geword.
- Ten slotte die **tydsaspek**. Sagaria moes die volk elke dag weer en weer seën. Jesus maak die seën egter los van afgemete ure. Hy maak dit ook los van sy beperkte duur, want prakties sak die seënende hande van Jesus (vs 50, 51) nooit oor sy kerk nie!

Snap jy die rede vir die “groot blydskap” waarmee die dissipels na Jerusalem toe teruggegaan het?

Ja, want hulle het Jesus se priesterlike heerlikheid aanskou. En hulle was getuies van die feit dat Hy die vervulling van die tempel is en as sodanig van die hele aarde tempelruimte ... ontmoetingsruimte tussen God en mens! ... gemaak het. Maak seker dat jy waardig en dankbaar in hierdie ontmoetingsruimte lewe!

Sing: Skrifberyming 6-1:1, 2, 3, 4, 5, 6

Ds JJ Cloete (Koster)